Hoe ver is ons met KERKHERENIGING?


Chris van Wyk

Dié uitgawe fokus op *kerkhereniging* deur die bril van 'n paar sinodes, predikante en 'n teoloog:

☞ **Danie Mouton** – *Kerkhereniging: Wat is die storie?* – gee 'n analise van die heersende denke oor kerkhereniging in die Oos-Kaap streek, wat amper onwillekeurig 'n politieke kleur aanneem as gevolg van die situasie op grondvlak. Hy volg dit op met 'n oproep dat ons die drie-enige God moet begin raaksien in die deure wat oopgaan vir kerkhereniging. Dit moet ook die fokus van ons gesprekke word – bladsy 5.

☞ **Piet Naudé** – *Daar is net een God …* – skryf dat praktiese oorwegings nie die dryfveer in die kerkherenigingsproses moet wees nie. "Omdat God een is, soek ons eenheid." Dit is die groot motivering vir die herstel van eenheid, soos dit inderdaad regdeur die geskiedenis van die een Godsvolk beide die gawe van God én sy opdrag aan ons was – bladsy 7.

☞ **Willie van der Hoven** – *Getuienis uit Gariep Dam* – skryf oor die gemeente van Springfield/Gariep Dam se ervaringe op pad na kerkhereniging. Hy gebruik die bou van die Gariep Dam in die Groot-Oranjerivier as metafoor vir gelowiges wat "vanuit verskillende kulturele agtergronde geleer het om saam by die Groot Bron van lewende water te kom drink!" – bladsy 10.

☞ **Pieter Raath** – *"Kerk Zonder Naam"* -KwaZulu-Natal – skryf (met 'n tong-in-die-kies woordspel) oor die proses in KwaZulu-Natal en verwoord die "hemelse" pad wat hulle op pad na kerkhereniging loop. Hy deel sy waarneming: "Al is daar nog klippers en slaggate in die pad, wink daar steeds die oorwinning van Paas- en Pinksterfees" – bladsy 11.

☞ **Piet Strauss** – *Positief met vrae* – skryf oor die positiewe gesindheid in die Oranje-Vrystaat, ten spyte van sommige vrae wat bly. Hy ervaar dat sekere aspekte van die voorlopige voorstelle van die taakspanne van Achterberg begin om byval te vind by gemeentes – bladsy 13.

☞ **Mike Smuts** – *Hoe op aarde kon dit gebeur?* – vertel van sy interaksie met 'n groep Christene uit Chicago op Robbeneiland. Dit het gelei tot 'n uitnodiging om by 'n konvensie van Trinity Kollege 'n oorsig te gee oor die aanloop en verloop van die ontwikkeling van afsonderlike kerke en die resente gebeure in die NG Kerk – bladsy 14.

☞ **Thys Cilliers** is 'n kunstenaar en dosent aan die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit. Sy kunswerk *"klipharte"* op die voorblad, verbeeld die proses wat tussen ons kerke afspeel, klipharte wat verwyder word en 'n rimpeling in die wêreld veroorsaak.

Al die artikels in die tydskrif sal ook steeds by *GDN* se webtuiste www.gemeentes.co.za geplaas word, en by www.bybelmedia.co.za "aflaaibare produkte". Blaai gerus deur al die artikels wat reeds daar is en nooi lidmate ook uit om dit te doen. Daar is onder andere nuwe bydraes oor kleingroepe, kerkhereniging en 13 resensies van nuwe boeke. Lidmate is ook welkom om op Kruisgewys in te teken met 'n e-pos na chris@gemeentes.co.za.

Chris van Wyk, Artikelredakteur